# FRESH – ‘n Nuwe Begin - Josua 23 en 24: ‘n Nuwe commitment

## Inleiding

Wat dink julle is die waarde daarvan om iets soos huwelik/trou-beloftes te hernu?

## Agtergrond

Israel is in die Beloofde land gevestig, die land is opverdeel tussen die verskillende stamme en daar was ‘n periode van relatiewe vrede en kalmte - vyande is verslaan en mense was besig om hulle lewens in ‘n nuwe land te hervestig. Josua is aan die einde van sy lewe en ons kry in hierdie laaste 2 hoofstukke van die boek Josua, sy afskeidsboodskap aan die volk.

## Skriflesing: **Lees Josua 23:1-13 en Josua 24: 14-28**

1. In hierdie gedeelte **daag Josua Israel uit tot ‘n hernuwing van die verbond** of in ander woorde ‘n hernuwing van hulle verhouding met die Here, **of hulle commitment aan die Here.**
    a. **Hoekom koel ons verhouding met die Here af?**

        - **Ons vergeet:...** *ons vergeet van alles wat God al in die verlede gedoen het.* ***Wat is daar wat die Here al vir jou gedoen het?***

        - **Ons is teleurgesteld:** *... omdat Hy baie keer nie is en gee wat ons voor vra of wil hê nie....* ***Is daar sake wat jy al vir die Here gevra het en nie gekry het nie? Watter impak het dit op jou verhouding met die Here?***

        - **Ons het die spark verloor**: ... *ons het die opwinding verloor (honeymoon is verby), ons verhouding met die Here is vervelig en verbeeldingloos*. ***Wat is daar in jou godsdiens wat vir jou baie vervelig geword het?***

2. **Israel is nou gevestig in die Beloofde Land, hulle het begin huise bou, plase aanlê, met gesinne begin.** Dink vir ‘n oomblik terug aan die tyd toe jy nuut in die VK aangekom het:

    a. **Wat het jou gehelp om te oorleef?** *(Watter rol het God, ander gelowiges en die kerk bv gespeel?)*

    b. **Hoe het dit intussen verander?**

    c. **Watter gevaar is daarin opgesluit vir ons verhouding met die Here, vir ons godsdiens noudat ons redelik gemaklik is in ‘n vreemde land?**

**3. Wat die GROOT verskil maak**, is dat tsv die feit dat ons afkoel **– God nog steeds committed is aan ons. Kyk wat sê die volgende Skrifgedeeltes oor wie God is en wat Hy gedoen het:**

**Josua 23:3-6**

**Josua 23:9-10**

**Josua 24:13**

3. **Om weer vir die Here te kies het egter baie praktiese implikasies.** Dit is baie meer as net 'n emosionele besluit. **Wat is die uitdaging wat Josua aan ons stel in die volgende verse en hoe lyk dit prakties?**

    **Josua 23:6**

    **Josua 23:8**

    **Josua 23:11**

    **Josua 24:14**

4. **Drie maal verklaar die volk dat hulle vir die Here kies – 24:18, 21, 24. Hoe kan ons weer vir die Here kies? (**dink prakties...
   en daag mekaar hiervoor uit...
   hoe gaan julle mekaar hiermee help...

**Bid saam vir sake wat opgekom het in julle gesprekke.**

